higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2

8 Desember 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Onwaar
1.5 Waar
1.6 Waar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Waar
1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 responsiwiteit
2.2 deursigtigheid
2.3 regering
2.4 positiewe regte
2.5 openbare amptenare
2.6 hoof
2.7 Nasionale Vergadering
2.8 provinsiale sfeer van die regering
2.9 munisipale raad
2.10 minister

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 F
3.2 E
3.3 D
3.4 G
3.5 B
3.6 A
3.7 C
3.8 H
3.9 J
3.10 I

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Menseregte word deur alle mense✓ gedeel.✓ 'n Mensereg laat 'n mens toe om iets te doen,✓ byvoorbeeld die reg om in 'n verkiesing te stem.✓ Fundamentele vryhede vorm die grondslag✓ vir die bestaan van alle mense.✓ Vryheid beteken die vermoë om te doen wat jy wil✓ sonder om deur enigiemand beheer of beperk te word.✓ (4 + 4) (8)

4.2 Die wetgewer (parlement) bestaan uit verkose verteenwoordigers✓ van die burgers van die land.✓ Dit bespreek al die sake✓ wat Suid-Afrika en sy mense raak.✓ Dit is daardie deel van die regering✓ wat die mag het om die wette van die land✓ te maak en te verander.✓ Wetgewing is die stel wette of reëls✓ wat die wetgewer maak of verander✓ om die aktiwiteite van die regering,✓ en al die organisasies en mense in Suid-Afrika✓ te beheer.✓ (7 + 5) (12)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 Ja✓ – volgens die grondwet✓ het almal die reg op toegang tot water.✓ (3)

5.2 Elke persoon in ons land moet met respek behandel word deur ander mense in die land✓ en deur die regering,✓ en elke persoon moet ander mense weer met respek behandel.✓ (3)

5.3 Almal het die reg op 'n omgewing wat nie skadelik✓ is vir sy of haar gesondheid of welstand nie.✓ Almal het ook die reg op die beskerming van die omgewing sodat huidige en toekomstige generasies daarby baat kan vind.✓ (3)

5.4 Aanspreeklikheid is 'n basiese beginsel wat die nuwe grondwetlike demokrasie onderstut.✓ Dit beteken dat 'n persoon of organisasie✓ verantwoordelik is vir sy of haar optrede✓ en om dit te verduidelik as hy of sy daaroor uitgevra word.✓ In die geval van ons regering beteken dit dat die regering verantwoordelik is vir die uitwerkings van sy optrede✓ en daarvoor verantwoordelik moet wees om dit te verduidelik of daarvoor gekritiseer te word.✓ Die regering moet inligting aan die mense van Suid-Afrika verskaf oor wat dit doen en hoe dit belastingbetalers se geld bestee.✓ Dit is die rede waarom ministers, wat regeringsdepartemente verteenwoordig, op 'n gereelde basis aan die parlement moet rapporteer.✓ (8)

5.5 5.5.1 Almal het die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste✓ en niemand mag noodbehandeling by 'n hospitaal geweier word nie.✓ (2)

5.5.2 Alle Suid-Afrikaners het die reg op voldoende voedsel en water.✓ (1)

5.5.3 Alle burgers het die reg op maatskaplike sekerheid soos pensioen en maatskaplike bystand as hulle nie in staat is om hulleself en hulle afhanklikes te ondersteun nie. (1)

5.6 5.6.1 Ja (1)

5.6.2 Ja, 'n kriminele saak kan oopgemaak word, want die water was veronderstel om gratis te wees. (2)

5.6.3 Diefstalsaak (1)

5.7 Maatskaplike regte is menseregte✓ wat waarborg✓ dat 'n regering basiese✓ noodsaaklikhede soos water✓ en behuising sal voorsien.✓ (5)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Die hoogste en belangrikste hof in Suid-Afrika is die Konstitusionele Hof,✓ wat bestaan uit 'n president,✓ 'n adjunkpresident✓ en nege regters.✓ In alle sake wat voor die Konstitusionele Hof gebring word, moet ten minste agt regters by die oorweging van die saak betrokke wees.✓ (5)

6.1.2 Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof✓ in alle grondwetlike sake.✓ Slegs die Konstitusionele Hof mag oor 'n grondwetlike saak besluit.✓ Of iets 'n grondwetlike saak is,✓ kan slegs deur die Konstitusionele Hof besluit word.✓ (5)

6.1.3 Die Konstitusionele Hof is ook daarvoor verantwoordelik om die volgende te oordeel:

- sake waar die regeringsdepartemente oor hulle rolle en funksies verskil
- of 'n wetsontwerp in lyn met die grondwet is
- of 'n lid van die uitvoerende raad (byvoorbeeld die president of 'n minister) die pligte wat in die grondwet vervat is, nagekom het
- of 'n wetgewer (bv. die parlement) die pligte wat in die grondwet vervat is, nagekom het
- sake waar die Hooggeregshof of die Appèlhof bevind het dat 'n parlementêre wet of 'n provinsiale wet ongrondwetlik is (sulke bevindings van ongrondwetlikheid moet deur die Konstitusionele Hof bevestig word). (5)

6.2
- Suid-Afrika het baie tradisionele gemeenskappe en die regering erken die tradisionele leiers van hierdie gemeenskappe.
- Nasionale wetgewing maak voorsiening vir tradisionele howe wat sake wat met die lede van tradisionele gemeenskappe verband hou, hanteer.
- Die tradisionele leier en ander senior lede van die bepaalde tradisionele gemeenskap luister na al die getuienis en neem ’n besluit.
- In tradisionele howe is die fokus op versoening sodat al die partye kan voortgaan om in vrede met mekaar saam te leef.
- Tradisionele howe mag nie enige ernstige regsake hanteer nie. Regsverteenwoordiging word nie toegelaat nie. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou